Die Heilige Gees en bemagtiging

(Wat bedoel julle met "Rimpels?")

Francois Swart

Die Krag van die Heilige Gees bring 'n bepaalde nuanse, tekstuur en kleur aan bemagtigingsprosesse en rimpelprosesse in geloofsgemeenskappe. Dit werk nie met mag en mening nie. Dit werk dikwels nie triomfantelik en ooglopend nie. Die Heilige Gees beweeg en bekragtig mense dikwels in stilwees en luister, dit bring kreatiwiteit en doelgerigtheid, dit bring verwondering en misterie en dra nie die sweem van mag en mening, ruheid en 'n reg nie.

Die krag van die Heilige Gees dui baie keer op eenvoud en nederigheid. Die Heilige Gees is werksaam in die aandwindjie, die aanraking van 'n gelowige aan 'n medemens en die kwaliteit tyd wat ons saam met 'n medemens spandeer.

Die gelowige is dikwels maar net:

Die kabel waardeur die krag van die Heilige Gees vloei.

Die suurstofpyp waarlangs die suurstof van die Heilige Gees loop.

Die ink wat die boodskap van die Heilige Gees vertoon.

Die fotostaat wat 'n afdruksel is van die Gees.

Die plastieksak wat die verrassing van die Heilige Gees dra.

Rimpels van medemenslike liefde en die rimpel van medemenslike deernis, diensbaarheid en begrip kry eers daadwerklik stukrag en ware betekenis as dit deurdrenk is met Sy Gees.

'n Christen gelowige is bekragtig en word ge-energeer deur die Heilige Gees. **Bemagtiging gaan oor die geïnspireerheid van ons lidmate en die bevordering daarvan.**

Jesus praat in Hd 1:8 van "krag" wat ontvang word. Die soort "krag" is besondere geestes- en sielskrag wat ook verbindingslyne het met Jesuskrag, dunamiskrag, opwekkings-, opstandings- en dinamietkrag.

- Dit is die geestes- en sielskrag vanuit ’n Bron (Die Drie Eenheid), wat vloei en deurvloei en wat bloot gekanaliseer word deur vrugdraende gelowiges. (Joh 15 -Jesus die Wynstok en ons die lote en Gal 5:22)
- Dit is troos- en deerniskrag, sensitiwiteitskrag veral in ’n tyd soos hierdie want die Heilige Gees se ander naam is Trooster!
- Die gelowige is gerat in sy siel om ’n rimpeleffek in hulle gemeenskappe te maak.
- Die krag wat van die Heilige Gees ontvang word sit die bekragtiging- en die besielingsproses aan die gang.

Dit inspireer gelowiges voortdurend dat hulle nie probleemgerig nie maar oplossings- en uitkomsgerig is en waarde toevoeg in oënskynlike vasgeloopte situasies